

God triomfeer ten spyte van menslike mag

Die tyd in Egipte nader sy einde. 'n Nuwe begin lê voor die deur. Herodes is dood, maar Argelaos, sy een seun en opvolger, is nog wreder as sy pa. Is die begintyd wanneer God sy kinders terugstuur dan slegter as die tyd wat pas geëindig het? As Josef die werklikheid verreken, word hy bang. Agter en bo Josef is egter die lewende God, wat deur die eeue heen sy plan uitvoer. Deur middel van 'n droom stuur Hy Josef en sy gesin na Galilea, daar waar Argelaos geen mag het nie. God doen dit ooreenkomstig sy belofte (Matt 2:22): "Hy sal Nasarener genoem word." Eintlik kry ons hierdie woorde nêrens in die Ou Testament nie. Nasaret is die plek waar Jesus opgevoed is (Luk 4:16).

Dit is egter hierdie Nasarener wat mense van demonebesetenheid bevry (Mark 1), wat die blinde oog verlig (Luk 18) en die kreupeles op hulle voete help (Hand 3). Dit doen Hy volgens die evangelie van Jesaja 61 wat Hy in Nasaret verkondig (Luk 4:14-32). In Nasaret wil die mense Hom doodmaak. Hulle wat Hom gevange neem, soek na Jesus die Nasarener (Joh 18). Uiteindelik kry Hy bo-aan die kruis die woorde (Joh 19:19): "Jesus van Nasaret, die Koning van die Jode." Hiermee word die profetewoord van sy verwerping en sy lyding vervul. Nie die wreedheid van Argelaos nie, maar die wreedheid van die mensdom stuur Hom na die kruis. Na sy hemelvaart was daar nog baie weerstand teen die Nasarener (Hand 6: 22, 26).

Tog was alles vervulling van die profesie. God het sy heilsplan uitgevoer om 'n genadejaar aan te kondig. In al ons vrese in die afgelope jaar, ons vrese vir die nuwe jaar, mag ons die evangelie van die Nasarener hoor! Volgende jaar is nog 'n genadejaar in Christus.

*Sing: Psalm 96:1, 6 (1936-beryming);
Psalm 96:1, 6 (2001-omdigting)*

Ds. CA Jansen (Welkom-Noord)